# 225. BESING YAHSHUA, LOOF HOM SAAM

G D C D G
1. Besing Yahshua, loof Hom saam, ook eng'le bring Hom eer.
G D G Em D
Juig hemel, aarde roem Sy Naam en dien Hom, volg Hom, loof Hom –
G C D G
Redder, Middelaar!

G D C D G
2. O nageslag van Israel, gee ons Messiah eer:
G D G Em D
erken Hom as Immanu - el en soek Hom, vind Hom, prys Hom
G C D G
Yahweh, Elohim!

G D C D G
3. Verdwaasde mens, aanvaar dit nou dat Hy jou heil begeer.
G D G Em D
Bekeer jou, en Sy Gees sal jou laat loof en prys en jubel –
G C D G
Redder, Middelaar.

G D C D G
4. Hy wat as die Oorwinnaar staan, kom op die wolke weer:
G D G Em D
hef al wat leef jul loflied aan en dien Hom, volg Hom, loof Hom –
G C D G
Koning, Herder, Hoof!